

GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID



PO10SIAAL

'n Saak groter as jouself...

## Inleiding

Hierdie week sluit ons af met die reeks 'Po10siaal'. Die doel van die reeks is om oor die potensiaal in elkeen van ons lewe te gesels asook die potensiaal van ons gemeente. **Wat speel alles 'n rol in die potensiaal van 'n gemeente se lewe?**

---

---

---

## Oor die reeks?

Kan julle onthou waaroor elkeen van die temas in die reeks gegaan het?

- De Duiwel met die res
- Sandkastele
- Hoe gaan dit met jou?
- Vat hom soos 'n Vrydag
- Hartoorplanting
- Vir wie bad jy?
- 3 P's in a pod

---

---

---

## Oor Sondag se preek?

Sondag se preek het begin met 'n verwysing na hoe die volk reageer het toe Moses van die berg af gekom het met die 10 gebooie. Lees die gedeelte in Deut 20:18-20 en gesels met mekaar oor die volgende gedagtes: God het die volk genooi om nader aan Hom te kom maar hulle kies toe eerder om weg van Hom te beweeg. Wat maak soms dat ons eerder ook weg van God beweeg?

---

---

---

---

## Die 3 P's van jou lewe

Om ons volle potensiaal uit te leef moet ek en jy drie goed van onself weet (glo):

- Dat jy die **regte persoon** is (Johannes 1:12-13)
- Dat jy op die **regte plek** is (Effesiers 2:10)
- Dat daar 'n **regte plan** is. (Jeremia 29:11-13)

Wat hoor julle uit die gedeeltes oor die 3 P's van jou lewe?

---

---

---

## Die 3 P's van elke Gemeente

- Dat elke gemeente ook die **regte persoon (gemeente)** is
- Dat elke gemeente ook op die **regte plek** is
- Dat daar ook vir elke gemeente 'n **regte plan** is

Lees die volgende gedeeltes en sien hoe belangrik die gemeentes ook in God se woord uitgedruk word:  
Handelinge 20:28; 1 Petrus 5:2 en Openbaring 2:2-7.

God maak bemoeiens met elke gemeente. Dink jy Kerk-In-Suid is belangrik vir God en dat God ook oor die gemeente besorg is?

---

---

## GROEIGROEP MATERIAAL

As die gemeente belangrik is vir God beteken dit ook dat elke gemeentelid 'n belangrike rol speel in die vervulling van die gemeente se roeping. 'n Gemeente is net so sterk soos wat sy lidmate is. Hier is die 3 P's van elke gemeentelid:

- Prioriteits bydra (Dit wat jy eerste stel)
- Persentasie bydra (Verbind jou tot iets groters as jyself)
- Progresiewe bydra (Ruimte vir groei)

Elkeen van ons moet weet dat ons gawes, talente en maar ook ons geld 'n groot verskil gaan maak in die sukses van elke gemeente. As lidmate gaan ons moet leer om prioriteit, persentasie en progresiewe bydra te lewer in die gemeente waar ons

Wat dink julle beteken dit vir ons as lidmate van Kerk-In-Suid

---

---

### Slot

Sal julle/jy asb vir ons gemeente bid vir die volgende:

- 1) Dankie vir die jaar wat verby is
- 2) Vir die jaar 2020 en al sy uitdagings.